**Sondag 10 Desember**
**Skrifgedeelte: Matteus 15:21-28**
**Fokusgedeelte: Matteus 15:23a (AFR53/83)**
**Wanneer God nie antwoord nie**

’n Kanaänitiese vrou se dogter was van ’n duiwel besete. Die vrou kom na Jesus met die versoek dat Hy Hom oor haar ontferm. Die toestand van haar dogter was ernstig. Daarom roep sy aanhoudend tot die Here. En Jesus se onmiddellike reaksie? Hy antwoord haar niks nie. Geen antwoord! Jesus ignoreer haar hulpgeroep. Soveel so dat selfs die dissipels by Jesus kom met ’n versoek om reaksie uit Hom te kry.

Dan antwoord Jesus dat Hy net na die verlore skape van die volk Israel gestuur is. Die deure van sy Koninkryk sou eers in die toekoms wyd oopgemaak word vir die grootskaalse toetrede van die heidene. Maar die vrou gooi nie tou op nie. Sy werp haar aan Jesus se voete neer. Sy erken dat Jesus werd is om aanbid te word. Sy sê: “Here help my!”

Nadat die Here dan antwoord dat dit nie mooi sal wees om van die kinders se kos te vat en dit vir die hondjies te gooi nie, volhard sy steeds met haar versoek. Sy erken dat sy nie kan aanspraak maak op die genadegawes nie, maar tog wil sy (as hondjie) van die krummels eet wat van die tafel afval. En Jesus prys haar geloof! Hy noem dit groot en Hy voldoen aan haar versoek. Deur Jesus se aanvanklike stilswye en onwilligheid om dadelik te help, het Hy haar geloof getoets.

Waarom antwoord God ons soms nie? Hy doen dit, nie omdat Hy ons ignoreer of niks met ons te doen wil hê nie, maar Hy doen dit om ons geloof deur sy skynbare stilswye te beproef en te versterk. God hoor wel en sal op sy tyd antwoord op die manier wat vir ons die beste is. Moet daarom nie moedeloos word wanneer God nie antwoord nie. Wag steeds op die Here.

*Sing: Psalm 40-1:1, 8*

*Ds. ASA de Bruyn (Stefaans) (Wilropark)*